



Province of the  
**EASTERN CAPE**  
EDUCATION

**NASIONALE  
SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 12**

**SEPTEMBER 2021**



**RELIGIESTUDIES V2  
NASIENRIGLYN**

**PUNTE:** 150

---

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 10 bladsye.

---

**VRAAG 1****1.1 1.1.1 Die aard van menslikheid met verwysing na gemeenskap en individu**

- Christene glo dat mens na diebeeld van God geskep is.
- Nadat Adam en Eva geskape is, het God hulle opdrag gegee om na die tuin van Eden en die hele skepping om te sien.
- As medeskepper saam met God, is die mens God se verteenwoordigers op aarde.
- God het hulle aangestel om na sy eiendom, die wêreld, om te sien.
- Christene glo dat die mense geskep is om onsterflik te wees.
- Adam en Eva het egter God se opdragte verontagsaam.
- Die straf vir hulle sonde was die dood van die mensdom.
- Selfs na veroordeling, het God steeds probeer om die mensdom van die bose en die dood te bevry.
- Christene verwag 'n nuwe gemeenskap na die dood wat gekenmerk sal wees deur liefde.

(10)

**1.1.2 Die aard van lewe na dood**

- Christene glo dat mens geskep is om onsterflik te wees.
- Adam en Eva het egter God se opdragte verontagsaam.
- Die straf vir die hulle sonde was die dood van die mensdom.
- Self na veroordeling, het God steeds probeer om die mensdom van die bose en dood te bevry.
- Christene verwag 'n nuwe gemeenskap na die dood wat deur liefde gekenmerk sal wees.

(10)

**1.1.3 Die aard van godheid**

- God is die skepper van die heelal.
- God is almagtig wat beteken dat Hy magtig is.
- God is 'n geestelike wese.
- God is omgee en liefde.

(Enige ander relevante feite moet gekrediteer word.) (10)

## 1.2 Interne verskille in enige EEN religie

### 1.2.1 Verskil in leringe

#### Leringe in Islam

- Islam word in twee hoofgroepe verdeel, naamlik die Soenni en die Sji'a-Islam.

#### Soenni-Islam

- Soenni verwys na die navolgelinge van die Sunnah (voorbeeld) van die profeet Mohammed.
- Die Hadith wat deur die metgeselle van die profeet vertel word, het gelyke waarde as die wat deur sy familielede vertel word.
- Die sekte glo dat alle leerstelling wat in die Boeke van Hadith vervat word, ewe belangrik is.
- Soenni's volg die leringe van die geleerde van die 7<sup>de</sup> en 8<sup>ste</sup> eeu.
- Soenni's aanvaar nie dat die kalief uitsluitlik uit die Profeet se familie kom nie.

#### Sji'a-Islam

- Sji'a beteken partydig of afsonderlike party.
- Die Hadith wat deur metgeselle van die profeet vertel word, het minder betekenis as dié wat deur sy familie vertel word.
- Die Sji'a volg slegs die leerstellings en mening van 'n lewende geleerde.

(10)

### 1.2.2 Verskil in bestuur

#### Soenni-Islam

- Daar is geen geestelike leiers in Soenni-Islam nie.
- Enige Moslem kan op gemeenskaprade dien.
- Bestuur is gemeenskapsgebaseerd.
- Islamitiese geleerde en gemeenskaplede dien op bestuurrade van moskee, madressas en skole.

#### Sji'a-Moslems

- Sji'a-Moslems eerbiedig die afstammelinge van die Profeet Mohammed en dat hulle die reg het om Moslems te lei.
- Hulle reserveer die titel 'Imam' vir sekere leiers van die verlede wat hulle glo deur God gekies is.
- Die finale oordeel oor enige onsekerheid oor enige godsdiestige of politieke kwessies lê by die verteenwoordigers van die Imam.
- Beheer is in die hande van molas (priesters) wat deur godsdiestige edik/dekreet regeer.

(Enige relevante feite moet gekrediteer word.) (10)  
[50]

## VRAAG 2

### 2.1 (Vir die doel van hierdie nasienriglyn word Christendom as 'n voorbeeld bespreek)

#### 2.1.1 Oorsake

- Ineenstorting in gesinne
- 'n Groot hoeveelheid onwettige vuurwapens wat in gemeenskappe sirkuleer
- Erosie van die morele vesel
- Patriargie / manlike oorheersing
- Armoede
- Owerspel
- Alkohol-en / of dwelmissbruik

(Enige relevante feite moet gekrediteer word.) (6)

#### 2.1.2 Effekte

- Gesinsverbrokkeling
- Regverdiging van geweldsmisdade
- Liggaamlike / Fisiiese besering en dood
- Onstabiele huwelike
- Trauma onder die slagoffers
- Toename in families met kinders aan die hoof
- Mishandeling kinderjare wat geslagsgebaseerde geweld laat voortbestaan
- Emosionele skade by slagoffers en oorlewendes
- Verwaarloosde kinders
- Geestes ongesteldheid soos depressie
- Vrouemoord

(LET WEL: Enige relevante feite moet gekrediteer word.) (10)

#### 2.1.3 Godsdiensleerstellings

- Geweld is verbode, veral teen die swakkes en weerloses.
- Goeie gesinswaardes word beklemtoon.
- Vaders word aangemoedig om hul vrouens lief te hê.
- Seuns en dogters word gelyk behandel.
- Liefde en vrede vorm deel van die sentrale leerstellings.
- Owerspel is verbode.

(LET WEL: Enige relevante feite moet gekrediteer word.) (10)

## 2.2 2.2.1 Die Wêreldraad van Kerke

- Die meeste godsdiestige leiers aan beide kante van die geskil fasiliteer vrede op plaaslike vlakke.
  - Selfs vandag leef mense van verskillende religieë in een gesin vredsaam en oor vlakke heen. Deel van die konflik.
  - Religieuse organisasies voer nog steeds humanitaire aktiwiteite aan alle mense wat deur die oorlog geraak word uit, ongeag hul godsdiens.
  - Die religieuse liggeme het nie daarin geslaag om politieke stabiliteit op nasionalevlak te bring nie, omdat hulle geen politieke mag het nie.
  - Religieuse ekstrumisme gekombineerd met die stam-spanning in Suid-Soedan is nog steeds deel van die konflik.
- (Enige ander relevante feite moet gekrediteer word.) (8)

## 2.1.2 Intergeloofsaksie vir vrede (IFAPA)

- Het probeer om religieuse gemeenskappe, burgerlike samelewing, die private sektor en die regering bymekaar te bring om die konflik op te los.
  - Die IFAPA was in staat om met humanitaire organisasies te werk om gesondheidsdienste, skuiling en ander basiese behoeftes te lewer.
  - Stuur intergeloof-afgevaardigdes na konflikgebiede.
  - Organiseer uitruilbesoeke tussen landmyn-slagoffers en oorlewendes van Ethiopië, Suid-Soedan en Uganda.
  - Die konflik is meer polities as religieuse en het regerings-ingryping nodig.
  - Selfs die VN Multidimensionele Geïntegreerde Stabiliseringsmissie kon nie misbruik in die land stop nie. Die land word steeds deur 'n kultuur van wetteloosheid wat gruwel-dade laat voortgaan.
- (Enige ander relevante feite moet gekrediteer word.) (6)

## 2.3 Hermeneutiese beginsels

- **Grammatika en historiese konteks:** Dit beteken dat grammatikareëls en historiese feite gebruik moet word om die letterlike betekenis van heilige tekste/geskrifte te vertolk/interpreteer.
- **Plan, doel en konteks:** 'n Geskrewe stuk werk moet as 'n geheel bestuur word. Wat is die skryf plan of struktuur? Wat was die skrywer se doel met die skryf van die teks? Wat is die konteks van die gedeelte wat bestudeer word?
- **Betekenis van woorde:** Woordbetekenis verander oor tyd en op verskillende plekke. Vind die oorspronklike betekenis van die woord, soos dit in die normatiewe bron gebruik is.
- **Figuurlike betekenis:** Figuurlike en nie-letterlike betekenis moet in ag geneem word.
- **Ander heilige tekste:** Heilige tekste kan gebruik om onder heilige tekste te vertolk/interpreteer.  
(Enige ander relevante antwoord moet gekrediteer word. Vier punte moet toegeken word vir die noem van beginsels sonder om enige verduideliking te gee.)

(10)  
[50]



**VRAAG 3****3.1 3.1.1 Materialisme**

- Hierdie wêreldsiening het sy oorsprong in verskillende gebiede in Europa en Asië.
- Dit het gedurende die Aksiale era van 800–2000 VC ontstaan.
- Materialisme word in oer-Indiese filosofie, Boeddhisme en Confucianisme uitgedruk.
- In die Weste was materialisme vir die eerste keer deur Griekse filosowe – die Atomiste ontwikkel en is in die 18<sup>de</sup> eeu herleef.
- 'n Uitbreiding van die begrippe van materialisme was deur Karl Marx in die 19<sup>de</sup> eeu gemaak.
- Marx het menslike geskiedenis en ekonomiese aktiwiteite in materialisme opgeneem.
- Dit was gedurende hierdie tydperk dat die protestantse beweging grond in Europa gewen het.
- Hierdie het sekulariste aangemoedig, insluitende materialiste, om ander wêreldsieninge as religie te ontwikkel.  
(Enige ander relevante antwoorde moet gekrediteer word.) (10)

**Sekularisme humanisme**

- Dit was eerste as 'n konsep in die 1950's gebruik.
- Sekulêre humanisme is 'n tak van humanisme.
- Die term 'humanisme' was oorspronklik 'n religieuse term.
- In die Renaissance-era was 'n humanis 'n persoon wat klassieke literatuur en opvoeding bestudeer het.
- Hierdie beweging het mense aangemoedig om hulle intelligensie te gebruik om heilige tekste te verstaan.
- Later het dit sekulêr, nie-religieus en ateïsties geword.
- Dit leer dat bonatuurlike wesens nie 'n noodsaaklikheid vir die onderrig van reg en verkeerd is nie.
- Mens kan dit vir hulself uitwerk deur hulle redenasievermoë te gebruik.
- Dit verwerp religieuse oortuigings en die bestaan van 'n bonatuurlike.  
(Enige ander relevante antwoorde moet gekrediteer word.) (10)

### 3.1.2 Sekularisme as 'n wêreldsiening

- Sekularisme is die geloof dat regering en moraliteit moet nie op religie gebaseer word nie.
  - Dit verwerp nie religie nie, maar gee nie vir religie die finale sê oor moraliteit of regering nie.
  - Inteendeel, sekularisme sien menslike intelligensie as 'n oplossing tot alle uitdagings, sonder om na God of gode te verwys.
  - Sekularisme bepleit vir etiek gebaseer op redenasie oor menslike natuur, sonder om na God of gode te verwys.
  - Sekularisme bepleit vryheid van spraak en vryheid van religie.
  - Sekularisme verstaan die heelal sonder om 'n beroep op religieuse verduideliking soos Kreasionisme en mites te doen.
- (Enige ander relevante feite moet gekrediteer word.) (10)

### 3.2 3.2.1 Mondelinge tradisie

- Oorspronklike inspirasie word gewoonlik eers deur mondelinge tradisie in baie religieë versprei.
- Mondelinge tradisie was gebruik om religieuse boodskappe voor religieuse skrif uitgevind was oor te dra.
- Voordat skryfkuns uitgevind was, was religieuse tradisies mondellings oorgedra.
- Dit is waar dat hierdie tradisies ontwikkel, verander en aangepas is oor tyd.
- Alle gelowe het eers mondelinge tradisie gevolg oor baie eeue en het nog steeds 'n paar elemente van mondelinge tradisie behou.

(Enige ander relevante feite moet gekrediteer word.) (10)

### 3.2.2 Inspirasie

- Inspirasie is 'n belangrike normatiewe bron in baie religieë.
- Dit is die ware oorsprong van alle religieë.
- Inspirasie verwys na die krag of mag van buitengewone wese wat 'n uitgesoekte wese 'oorneem'.
- Die stigters van baie religieë is deur 'n hoër mag of wysheid geïnspireer.
- Sulke mense het gevoel dat hulle 'openbaring' van 'n buitengewone wese ontvang het.
- Voorbeeld is Moses, Jesus Christus, Abraham, profeet Mohammed, Boeddha en Bahá'u'lláh.
- In Afrika Tradisionele Religie ontvang die tussengangers of die waarséers hulle inspirasie terwyl hy/sy in 'n beswyming is.
- Hierdie inspirasie is deurlopend, terwyl dit by die Abrahamitiese gelowe nie verder as hulle stigters gaan nie.
- Inspirasie is 'n kragtige motivering vir die volgelinge van 'n religie.

(Enige ander relevante feite moet gekrediteer word.) (10)

[50]

**VRAAG 4****4.1 4.1.1 Darwin se teorie**

- Die wetenskaplike antwoord op die vraag kom uit Darwin se evolusieteorie.
- Dit verklaar dat alle vorme van lewe verbind is met Darwin se algemene oorsprong.
- Organismes verander geleidelik om by veranderde omgewings aan te pas.
- Diegene wat die beste by die omgewing pas, word dominant.
- Dit word natuurlike seleksie genoem.
- Die proses het miljoene jare gelede begin, en gaan nog steeds aan.
- Mense het na 'n lang proses te ontwikkel, wat miljoene jare gestrek het, tot dat 'n moderne mense uiteindelik ongeveer 100 000 jaar ontstaan het.
- Die evolusie teorie beweer dat mense se voorouers ape was en dus hoe hulle ontwikkel het.

(Enige ander relevante feite moet gekrediteer word.) (14)

**4.1.2 (a) Christenskap**

- Die skepper is manlik.
- Eers het die Skepper alleen bestaan.
- Die Skepper het die heelal van niks gemaak.
- Die proses van die skepping het ses dae geneem.
- Mense was op die sesde dag geskape.
- Daar is een perfekte God.
- Hy het die hemel en die aarde en al wat daarin is geskape.
- Die eerste twee mense was Adam en Eva. God het hulle van klei gemaak.
- God het sy gees in Adam geblaas en hy het lewe gekry.
- Hierdie mense het in die perfekte tuin van Eden gewoon.

(12)

**(b) Hindoeïsme**

- Hindoeïsme het geen probleem met evolusie nie. Hulle het meer gevorderde teorieë wat spirituele evolusie ook insluit.
- Die evolusieteorie het nie konflik met Hindoe denkwyse en geloof veroorsaak nie. Dit het bygedra tot die begrip van die evolusie tot Moksha.
- Daarom in hierdie religieë (Hindoeïsme en Boeddhisme), is daar geen verandering in houding nie.
- In Afrika Tradisionele Godsdiens, is daar geen teenkanting teen die evolusieteorie nie, omdat die heelal as noue verwante dele gesien word.
- Alhoewel, die status van die mens word egter as verhewe bo al die ander skepping gesien.

(Enige ander relevante feite moet gekrediteer word.) (12)

#### 4.1.3 Oerknalteorie

- Die wetenskaplike verduideliking van die Skepping word die Oerknal teorie genoem.
- Volgens die Oerknalteorie is dit nie bekend wat voor die Oerknal bestaan het nie.
- Die Oerknalteorie stel dat daar 'n enorme ontploffing in die ruimte was en binne 'n sekonde het die heelal verskyn en tot 'n enorme grootte uitgebrei.
- Die Oerknalteorie stel dat die skeppingsproses 'n sekonde geneem het.
- Volgens die wetenskaplike verduideliking het die Oerknal 13,7 miljard jaar gelede plaasgevind.
- Klein temperatuurverskille het tot verskillende digthede van materie dwarsdeur die heelal geleei.
- Daardie digthede het bondels van materie en energie gevorm.
- Die bondels het voortgegaan om op 'n klonterige wyse saam te pak en 'n eindeloze versameling sterre, wat genoem word sterrestelsels, gevorm.
- Sommige sterrestelsels het in 'n kombinasie van sterre en planete gekondenseer.
- Wetenskaplikes glo dat die heelal op hierdie oomblik uitbrei.
- Die wetenskaplike verduideliking maak geen melding van 'n Skepper nie.



(12)  
[50]

**TOTAAL:** 150